## NOTULE VAN TENDERTOEKENNINGSKOMITEE VERGADERING GEHOU OP VRYDAG, 13 JANUARIE 2023 OM 08H00 IN DIE RAADSAAL

KONSTITUERING EN AFWESIGHEIDSVERLOF

Hoof Finansiële Bestuurder
Direkteur Gemeenskapdienste - Afwesig met verlof
Direkteur Ontwikkeling en Beplanning
Direkteur Siviele Ingenieursdienste
Bestuurder Voorsieningskanaalbestuur

1. VERKLARING VAN BELANGE : (TTK) : 3.1.3.3.2.29 : (DIREKTORAAT KORPORATIEWE DIENSTE)

01/01.1/2023 (TTK) BESLUIT

Dat kennis geneem word dat die lede van die Komitee en die lede op uitnodiging verklaar het dat hulle geen belang by die items onder bespreking het nie.

2. BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE : (TTK) : : (DIREKTORAAT KORPORATIEWE DIENSTE)

2/01.1/2023 (TTK) BESLUIT

Op voorstel van die Bestuurder Voorsieningskanaalbestuur en gesekondeer deur die Hoof Finansiële Dienste, word

BESLUIT

1. Dat die Notule van die vergadering gehou op Vergadering gehou op 25 November 2022 as gelese beskou en bekragtig word.

Op voorstel van die Hoof Finansiële Dienste en gesekondeer deur die Bestuurder Voorsieningskanaalbestuur, word –

BESLUIT

2. Dat die Notule van die vergadering gehou op Vergadering gehou op 2 Desember 2022 as gelese beskou en bekragtig word.

Op voorstel van die Bestuurder Voorsieningskanaalbestuur en gesekondeer deur die Direkteur Ontwikkeling en Beplanning, word –

BESLUIT

3. Dat die Notule van die vergadering gehou op Vergadering gehou op 9 Desember 2022 as gelese beskou en bekragtig word.

Op voorstel van die Direkteur Siviele Ingenieursdienste en gesekondeer deur die Hoof Finansiële Beampte, word –

BESLUIT

4. Dat die Notule van die vergadering gehou op Vergadering gehou op 15 Desember 2022, met die volgende wysigings, as gelese beskou en bekragtig word.

   1. Wysig die Konstiutuering om soos volg te lees:

      Hoof Finansiële Bestuurder
      Direkteur Gemeenskapdienste - Afwesig met verlof
      Direkteur Ontwikkeling en Beplanning - Afwesig met verlof
      Sekundi Senior Bestuurder LED en Toetisme
      Direkteur Siviele Ingenieursdienste
      Bestuurder Voorsieningskanaalbestuur - Afwesig met verlof
      M van Rooi - Voorsieningskanaalbestuur

   2. Besluit 4/12.3/2023

      Voeg die volgende woorde aan die einde van paragraaf 1 in:

      *"4.2 of the Service Level Agreement."*

   3. Besluit 5/12.3/2023 BESLUIT

      In paragraaf 1 wysig item 5 om soos volg te lees:

      - ***Item 5: Mobile High Pressure, Sewerage Pump x1***
        *Not Awarded because their prices are not market related.*

3. TENDER EVALUATION: TN043/2022: APPOINTMENT OF A CONTRACTOR FOR THE REFURBISHMENT OF WATER SUPPLY IN LESEDING, KALKSLOOT/KLIPPUNT & SWARTKOPDAM AND MINOR WORKS IN THE DAWID KRUIPER MUNICIPAL AREA : (BAC) : 8.2.2.43 (2022) : (DIECTORATE CIVIL ENGINEERING SERVICES)

3/01.1/2023 (BAC) RESOLUTION

On proposal of the Manager Supply Chain Management and seconded by the Director Planning and Development, it is recommended to the Municipal Manager –

1. That tender TN043/2022: Appointment of Contractor for the Refurbishment of the water supply in Leseding, Kalksloot/Klippunt & Swartkopdam and minor works in the Dawid Kruiper Municipal area, be kept over.

2. That, against the background of paragraph 1, the bidder be given 7 days to submit the following documentation:

   2.1 A CSD report indicating that all tax matters are in order.

   2.2 A December 2023 Municipal account for 7 Baken Street, Warrenton – the business account of the Bidder

   2.3 A December 2023 Municipal account or lease agreement for the other 19 addresses as mentioned in the CSD report.

Approved: ______________________
MUNICIPAL MANAGER

4. <u>TENDER ADJUDICATION COMMITTEE: TN003/2021: UPGRADING OF EASTERN BULK OUTFALL SEWER PIPELINE PHASE 2: Extension No 2 – Actual Cost : 8.2.2.3 (2021) : DIRECTORATE CORPORATE SERVICES)</u>

4/01.1/2023 (BAC) RESOLUTION

1. That the contract unforeseen cost be accepted as it was not expected to foresee that economic dynamics can change and influence the industry and the proposed percentage of adjustment for 3.85% (R1,328,025.75 vat incl) be approved.

2. That the variation of this contract is absorbed within the contingencies of the project and may not exceed contract amount.

Approved: ______________________
MUNICIPAL MANAGER

5. <u>VERVREEMDING VAN GEDEELTE VAN NAHEMWEG : (TTK) : ERF 5453: (DIREKTORAAT KORPORATIEWE DIENSTE)</u>

5/01.1/2023 (TTK) BESLUIT

Op aanbeveling van die Direkteur Ontwikkeling en Bepalnning en gesekondeer deur die Bestuurder Voorsieningskanaalbestuur word by die Munisipale Bestuurder –

<u>AANBEVEEL</u>

1. Dat, kennis geneem word dat die Raad reeds per besluit 19/11/2017, gedateer 25 November 2016, besluit het dat 'n gedeelte van Erf 5453 (Nahemweg) aangrensend aan erwe 20917 en 26626, Upington, nie vir basiese dienslewering benodig word nie en dat die gedeelte by wyse van privaat onderhandelinge vervreem mag word.

2. Dat 'n aanbod van R48,000.00 (BTW, Administratiewe- en oordragkostes uitgesluit) vir 'n gedeelte van Erf 5453 (Nahemweg) aangrensend aan erwe 20917 en 26626, Upington aan mnre Sinato Investments gemaak word.

3. Dat die aanbiedinge, waarna in punt 2 verwys word, slegs vir 30 dae geldig sal wees en dat die aansoeker binne die tydperk moet aandui of die aanbod aanvaar word, aldan nie.

4. Dat, indien die aansoeker nie die aanbiedinge, waarna in punt 2 verwys word, nie binne die tydperk waarna in punt 3 verwys word, aanvaar word nie, die aabod sal verval en die transaksie kanselleer word.

5. Dat die vervreemding van 'n gedeelte van Erf 5453 (Nahemweg) aangrensend aan erwe 20917 en 26626, Upington, onderhewig sal wees aan die volgende voorwaardes:

5.1 Dat die koper in paragraaf 2 genoem binne 14 (veertien) dae na datum van kennisgewing 'n nie-terugbetaalbare deposito van 10% van die koopprys van die erf by die Raad moet inbetaal, by gebreke waarvan die kooptransaksie sal verval.

5.2 Dat die koper die kooptransaksie binne 2 (Twee) maande na kennisgewing, te finaliseer en die koopsom aan die Raad oor te betaal, bygebreke waarvan die kooptransaksie gekanselleer sal word.

5.3 Indien die Raad die versoek toestaan en verdere ontwikkeling word beplan, sal dit onderworpe wees aan:

1. Die indiening van volledige bouplanne.
2. Die bepalings van die Skemaregulasies.
3. Die bepalings van die Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde.
4. Verdere vereistes sal met die indiening van bouplanne gestel word.

5.4 Die straatligte moet deur die aansoeker uitgehaal en aan die Elektriese Departement gelewer word. Die toevoer moet in die verdeelkas deur die munisipale personeel ontkoppel word

5.5 Laagspanning voerder: Die toevoer moet in die verdeelkas deur munisipale personeel ontkoppel word.

5.6 Medium spanning kabel: Die kabelroete moet presies bepaal word en 'n serwituut van drie meter breed moet, op koste van die aansoeker, daarvoor geregistreer word. Geen geboue, vaste strukture, bome of groot struike mag op die sertwituut geplaas word nie."

5.7 Dienste aansluitings moet in oorleg met die betrokke Direktoraat gedoen word en die aansoeker sal verantwoordelik wees vir alle toepaslike aansluitingsfooie.

5.8 Enige dienste wat die gedeelte mag kruis, moet in oorleg met die relevante Direktorate opgespoor word en, indien nodig, moet die nodige serwitute ten gunste van die Raad, op koste van die aansoeker registreer word.

5.9 Die eiendom is soneer as pad en mag slegs vir die doel aangewend word.

5.10 Die aansoeker is verantwoordelik vir alle tersaaklike koste vir Stormwater-afsetpunte. Stormwater afsetpunte moet aan die suidekant van die erwe geskep word.

5.11 Enige toekomstige veranderinge wat van interne dienste verlang word, is vir die koste van die aansoeker en moet vooraf goedgekeur word deur die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste.

5.12 Waar padkruisings benodig word vir verbinding met bestaande dienste, of vir veranderinge van dienste, of vir die skep van nuwe dienste, moet al die padkruisings gedoen word deur middel van oop uitgrawings, onderworpe aan die bepalings en voorwaardes vervat in die Direktoraat Siviele Ingenieurdienste se standaardtoestand en die koste is vir die aansoeker.

5.13 Waar addisionele ingenieursdienste benodig word, sal dit ten koste van die aansoeker wees. Waar bestaande munisipale dienste die erwe oorsteek, word twee meter vanaf die middellyn van die betrokke diens aan beide kante beskou as 'n serwituut vir die grootmaatdienste. Geen permanente strukture mag binne hierdie serwituut opgerig word nie. Die munisipaliteit sal nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige skade wat deur bestaande grootmaatdienste veroorsaak kan word nie. Voldoende toegang tot die serwituut- / grootmaatdienste moet te alle tye verseker word. Waar registrasie van serwituut vereis word, is die koste vir die aansoeker.

Goedgekeur: ____________________

MUNISIPALE BESTUURDER

# BID ADJUDICATION COMMITTEE

## DAWID KRUIPER MUNICIPALITY

## ATTENDANCE REGISTER AND UNDERTAKING OF CONFIDENTIALITY AND IMPARTIALITY

**MEETING NUMBER : 01/01/2023**

**DATE : <u>13 January 2023</u>**

I, the undersigned, hereby declare:1

- that all information, documentation and decisions regarding any matter before the Committee are confidential and undertake not to make known anything in this regard;
- that I will treat all providers and potential providers equitably and will not purposefully favor or prejudice anybody; and
- that I will make known details of any private or business interest which I, or any close family member, partner or associate may have in any proposed procurement or disposal process of, or in any award or contract and that I will immediately withdraw from participating in any manner whatsoever.

| NAME | DEPARTMENT / SECTION | SIGNATURE |
|---|---|---|
| R Strauss | Finansiële Dienste | |
| MG Bovu | Gemeenskapsdienste | |
| PG Jonker | Siviele Ingenieursdienste | |
| CW Geldenhuys | Ontwikkeling en Beplanning | |
| M Rooi | Voorsieningskanaalbestuur | |
| J McDuling | Sekretaris | |
| B Fourie | HAB Regsdienste | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |